

Johannes [Deel 10] – Jesus, die Seun van God

REFLEKTEER

Wat is een gebeurtenis die afgelope week waarvoor jy dankbaar is?

Hoe het jy gevorder met jou VOLGENDE STAP en watse groei het jy ervaar die afgelope week ?

Wat is jou grootste uitdaging en/of waarvoor het jy gebed nodig?

VRAE VIR BESPREKING: Johannes 4:46 – 5:17

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Lees Johannes 5:17 – 30

- Watter aanspraak maak Jesus in hierdie gedeelte?

- Bespreek Jesus se verhouding met die Vader

- Wat is die werk wat Jesus doen (vers 17, 36)

Lees Johannes 5:31 – 40 (en ook Johannes 1:29–34; 10:37–38; 14:10–11; Matteus 3:16–17; 17:5; Lukas 24:27, 44–46)

- Noem die 4 getuïenisse wat oor Jesus getuig en hoe elkeen bewys dat Jesus die Seun van God is

- Wat verstaan jy van wat Jesus sê in vers 39-40? (Lees ook Johannes 1:45; 5:46; 20:31; Romeine 10:2–4; 2 Timoteus 3:15)

Kom ons maak dit prakties:

- Hoe kan Jesus se verhouding met die Vader op ons toegepas word? (Sien ook Johannes 4:34; 15:5; 6:38; 14:9–10; 20:21; Romeine 8:15–16; Galasiërs 1:10)

- Hoe lyk die lewe van 'n gelowige as 'n getuie dat Jesus is wie Hy sê Hy is? (Sien veral vers 24, 30, 36 en 39-40)

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
